# HOOFSTUK 3

# DIE STIGTING VAN DIE PIETERSBURGSE KONSENTRASIEKAMP GEDURENDE MEI 1901

## 3.1 DIE STIGTING VAN DIE KAMP

Na die besetting van Pietersburg op 8 April 1901 is patrollies uitgestuur om Boerefamilies op hul plase te gaan haal en na die konsentrasiekamp te bring. Selfs families wat in die dorp gewoon het, is na die kamp gestuur.[1]

Die vlugtelinge is vanaf die 1ste tot die 12de Mei 1901 in die dorp gehuisves terwyl daar gewag is op die koms van die tente. Gedurende hierdie tyd is die vlugtelinge deur die militêre owerheid, onder leiding van kaptein Bolton, gevoed en versorg.[2] Op die 10de Mei 1901 is die kamp opgeslaan[3] en op die 11de Mei 1901 is die kamp begin met meneer J.E. Tucker as superintendent.[4] Dit is volgens militêre kamppatroon uitgelê, naamlik al die tente is in lang rye opgeslaan. Daar is ongelukkig geen gegewens beskikbaar oor die ligging van die hospitaal, skool, kerk,

---

1 Generaal C.F. Beijers, Korte geschiedenis van het konsentrasie-kamp te Pietersburg, Zoutpansberg en naamlijst der 650 vrouwen en kinderen, aldaar gestorven van 11 Mei 1901 tot 30 Januari 1902, p.3.


2 Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal, November 1901, p.69.

3 Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217; S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp en kampkerkhof, p.7.

4 Cd. 893: Report on the Concentration Camps in South Africa by the Commitee of Ladies appointed by the Secretary of State for War, 1902, p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

KAART NR. 1

## DIE LIGGING VAN DIE VROUEKAMP EN DIE KAMPKERKHOF




**Die kaart is saamgestel uit gegewens uit die Britse Blouboeke, die kaart van L. Maré in die Huisgenoot, 19-1-1951 en van mev. S. de Jager, Pietersburgse museum.**

kantore, store, winkel en toilette ten opsigte van die behuisingsgedeelte van die kamp nie.

Die vlugtelinge is vanaf die dorp na die kamp verskuif, maar in die maandverslag van 31 Mei 1901 word gemeld dat baie mense nog in hulle waens gewoon het en dat omtrent 300 mense nog in die dorp gewoon het. Toe Tucker die beheer van die kamp oorgeneem het, was daar 243 mans, 361 vrouens en 509 kinders op die rantsoenlys.[5] Teen die einde van Junie 1901 was al die vlugtelinge na die kamp verskuif behalwe 'n paar wat spesiale toestemming van kaptein Bolton gehad het om in die dorp te woon. Hierdie mense het aanvanklik voorrade, teen betaling, uit die kamp gekry. Dit was egter net 'n tydelike reëling omdat daar teen Junie 1901 *nog geen* winkels in die dorp geopen het nie.[6]

## 3.2 DIE LIGGING VAN DIE KAMP EN DIE KLIMAAT ALDAAR

Die kamp is omtrent 1 1/2 myl (2 1/2 kilometer) ten weste van Pietersburg, tussen die treinspoor en die Sandrivier op 'n bult opgeslaan.[7] Die treinspoor en die rivier het die westelike en oostelike grense van die kamp gevorm. Aan die noordekant is die kamp toegespan, maar die suidekant is oopgelaat vir moontlike uitbreidings. Dié grens is

---

[5] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

[6] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.145; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 11, 30th June 1901, Monthly Report.

[7] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.261; S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp..., p.18; K. Geertsema, Pietersburg konsentrasiekamp 11 Mei 1901-31 Desember 1902, p.3.

egter deur polisie gepatrolleer.[8] Die kamp was dus suidwes van die stasie en suid van die dorp geleë en die spoorlyn het tussen die kamp en die dorp deurgeloop.[9] Die kerkhof was ongeveer 150 treë noordwes van die kamp geleë.[10]

Wat die klimaat van Pietersburg betref, is die dorp redelik onderhewig aan temperatuurskommelinge. In die somer word dié gebied goed warm en in die winter is dié gebied koud, veral met 'n snerpende wind wat kan waai. Ryp kom ook redelik vry in die wintermaande voor.[11]

Ons vind eers op die 26ste November 1903 die eerste optekening van dié gebied se temperatuur. 'n Paar maande se maksimum en minimum temperature word aangetoon om tog 'n beeld van die dorp se klimaat en weersomstandighede te vorm.

---

[8] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[9] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217.

[10] S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp..., p.18 (Tans is die kerkhof 'n paar honderd treë noord van die Indiërdorp, Nirvana, geleë).

[11] S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp..., p.18; L. Changuion, Pietersburg, die eerste eeu 1886-1986, p.3.

TABEL 1 GEMIDDELDE MAKSIMUM EN MINIMUM TEMPERATURE EN UITERSTE MAKSIMUM EN MINIMUM TEMPERATURE VIR PIETERSBURG GEDURENDE DIE MAANDE DESEMBER 1903 TOT SEPTEMBER 1904[12]

| MAAND | GEMIDDELDE MAKSIMUM TEMPERATUUR | | GEMIDDELDE MINIMUM TEMPERATUUR | | UITERSTE MAKSIMUM TEMPERATUUR | | UITERSTE MINIMUM TEMPERATUUR | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | F. | C. | F. | C. | F. | C. | F. | C. |
| Des. 1903 | 80,65 | (27,02) | 58,76 | (14,86) | 93 | (33,80) | 51 | (10,50) |
| Jan. 1904 | 81,26 | (27,36) | 61,08 | (16,15) | 92,20 | (33,40) | 54 | (12,20) |
| Febr. 1904 | 79,67 | (26,48) | 57,13 | (13,96) | 88,20 | (31,20) | 52 | (11,11) |
| Mrt. 1904 | 76,70 | (24,83) | 55,80 | (13,20) | 84,50 | (29,16) | 47,50 | ( 8,60) |
| Apr. 1904 | 78,21 | (25,67) | 50,10 | (10,06) | 85,50 | (29,72) | 42 | ( 5,50) |
| Mei 1904 | 72,60 | (22,50) | 43,08 | ( 6,15) | 84,50 | (29,16) | 36 | ( 2,20) |
| Jun. 1904 | 71,65 | (22,03) | 37,80 | ( 3,20) | 77 | (25,00) | 30 | (-1,10) |
| Jul. 1904 | 66,75 | (19,30) | 35,30 | ( 1,80) | 76 | (24,40) | 32 | ( 0) |
| Aug. 1904 | 74,09 | (23,38) | 41,17 | ( 5,09) | 85 | (29,40) | 35 | ( 1,60) |
| Sept. 1904 | 81,26 | (27,30) | 44,83 | ( 7,12) | 88 | (31,11) | 32 | ( 0) |

Uit die tabel blyk dit dat dié dorp in die somer baie warm kan word met byvoorbeeld 'n baie uiterste maksimum temperatuur van 93°F (33°C) in Desember 1903 en weer baie koud in die winter met byvoorbeeld 30°F (-1°C) in Junie 1904. Die tabel toon ook dat ons nie net uiterstes kry wat somer- en wintertemperature betref nie, maar dat daar veral uiterstes is wat dag- en nagtemperature betref, byvoorbeeld gedurende September 1904 was die uiterste maksimum temperatuur 88°F (31,11°C) en die uiterste minimum temperatuur gedurende hierdie maand was 32°F (0°C).

Hierdie klimaat en temperatuurskommeling blyk ook duidelik uit dokter Daniel Henderson se mediese verslae. In die mediese verslag van 30 Junie 1901 meld hy dat dit met tye geweldig koud was en dat dit snags geryp

[12] Gegewens verkry van Departement van Omgewingsake.

het.[13] En in die mediese verslag van 31 Julie 1901 meld hy: "During the past month the weather has been severe, warm during the day, and very cold at night, and on several occasions strong winds and dust storms necessitating the complete closing of the tents for the whole day...". Hy skryf ook siektes soos brongitis en longontsteking aan hierdie uiterstes in dag- en nagtemperature toe.[14]

Daar is nie reënvalsyfers vir 1901 vir Pietersburg beskikbaar nie, maar dokter Henderson maak in die mediese verslae van September 1901[15] en Oktober 1901[16] melding van swaar reënneerslae en in die mediese verslag van 30 November 1901 meld hy dat daar twee keer 'n hewige storm met swaar reën, donderweer en weerlig was en dat twee kampinwoners deur die weerlig doodgeslaan is en dat ses beseer is.[17]

Uit militêre oogpunt gesien was die ligging van die kamp goed. Dit was naby die treinspoor, die stasie en water en dit het op 'n sanderige effens hellende terrein wat maklik dreineer het, gelê. Die feit dat die terrein so kaal en onbeskut was, het die inwoners egter baie aan die natuurelemente blootgestel wat veral borssiektes tot gevolg gehad het.

---

[13] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.146; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Weekly Medical Report.

[14] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.262-263, 31st July 1901, Monthly Medical Report.

[15] Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Oranje River Colony, Cape Colony and Natal, December 1901, p.89; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, September 30th, 1901, Monthly Medical Report.

[16] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, 1902, p.97; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, October 31st, 1901, Monthly Medical Report.

[17] DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November, 1901, Monthly Medical Report.

## 3.3 DIE ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN DIE KONSENTRASIEKAMP

Die eerste oprigtingswerk van die konsentrasiekampe het onder toesig en kontrole van die plaaslike militêre distrikskommandant geskied. Dié militêre administrasie van die konsentrasiekampe het tot Januarie 1901 geduur. Vanaf 6 Februarie 1901 het die amptelike beheer van die kampe onder die burgerlike administrasie geval.[18]

Die Pietersburgse konsentrasiekamp wat op 11 Mei 1901 begin is, het dadelik onder die beheer van die burgerlike administrasie geval, maar tog is daar nou saamgewerk met die militêre owerheid. Ons het reeds gesien dat die vlugtelinge wat vanaf die 1ste tot die 12de Mei in Pietersburg gehuisves was, terwyl hulle op die koms van die tente gewag het, deur die militêre owerhede onder kaptein Bolton gevoed en versorg is.[19] Meneer Tucker maak ook in sy maandverslae melding van die goeie bystand en samewerking wat ontvang is van die militêre owerhede in die belang van die kamp.[20]

Die beheer van die konsentrasiekampe in Transvaal het by die militêre goewerneur berus en die kampe is geadministreer deur 'n Algemene Superindent wat bygestaan is deur 'n personeel wat onder direkte gesag van die militêre goewerneur gestaan het. Die hoofkantoor in Pretoria het alle amptenare by die verskillende kampe aangestel en het alle nodige

---

[18] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, pp.61-62.

[19] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps...,p.69.

[20] DBC: Director of Burgher Camps..., band 11; 31st August 1901, Monthly Report; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp. 146, 262, 376.

opdragte en korrespondensie in verband met die kampe hanteer. Die hoofkantoor het met ander departemente van die weermag geskakel, alle rekeninge gehou, en alle voedsel, klere en toerusting gekoop of dit by die verskillende weermagdepartemente - soos store, vervoer en bystand -aangevra.[21]

J.L. Hattingh stel die beheer oor die konsentrasiekampe skematies en vereenvoudig soos volg voor:

Britse leër
Lord Milner (Goewerneur van Transvaal)
Militêre goewerneur (Generaal Maxwell)
Algemene superintendent (later genoem direkteur)
"Burgher Camps Department"
Kampsuperintendent

| | | |
|---|---|---|
| Mediese dienste | Administrasie | Onderwys[22] |
| Senior geneesheer | | Hoof van die skool |

Oor elke kamp is 'n superintendent aangestel wat die kamp beheer het en vir die bestuur daarvan verantwoordelik was. Die superintendent was dus verantwoordelik vir die algemene kontrole in die kamp en hy was slegs aan instruksies van hoofkantoor onderhewig. Hy is in 'n baie groot mate toegelaat om na eie goeddunke op te tree in die uitvoering van sy pligte. Die belangrikste personeel wat aangestel is om die superintendent by te staan in die beheer van die kamp was dokters, 'n hospitaalmatrone met haar personeel, 'n apteker, 'n kampmatrone met haar personeel, 'n stoorman en klerke.[23]

---

[21] Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.39, Enclosure 4 in Sub-Enclosure 3 in No. 24.

[22] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.63. Vergelyk ook J.C. Otto, Die konsentrasiekampe, pp. 70,71.

[23] Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.39, Enclosure 4 in Sub-Enclosure 3 in No. 24.

Die personeel van die Pietersburgse konsentrasiekamp het vir die grootste deel van die kamp se bestaan soos volg daar uitgesien:[24]

| | |
|---|---|
| Superintendent: | J.E. Tucker |
| Dokter: | D. Henderson |
| Hospitaalmatrone en personeel: | Suster Webb en 5 leerling-verpleegsters |
| Apteker: | J.W. Gowthorpe |
| Kampmatrone en personeel: | Mej. Pittendrigh en 12 leerling-verpleegsters |
| Stoorman: | A.C. Watt |
| Klerke: | D.M. Stephen, J. Gadd, C. Korner |

Vergelyk 'n mens bogenoemde personeelvoorsiening met dié van byvoorbeeld Oktober 1902 toe meneer Tucker oor die dienste van drie dokters, 'n hospitaalmatrone, 'n assistent-hospitaalmatrone, 'n kampmatrone, 'n assistentkampmatrone, 'n noodlenigingsmatrone, ensovoorts beskik het,[25] is dit duidelik dat die aanvanklike personeelvoorsiening totaal ontoereikend was. Veral vir die eerste paar maande van die kamp se bestaan toe daar baie meer probleme, siektes en sterftes voorgekom het.

Daar is hoë vereistes aan die superintendent van 'n kamp gestel. Hy moes 'n bekwame, talentvolle persoon wees. Die superintendent het uit die aard van sy werk lang diensure gehad, naamlik van 13 tot 16 uur per dag, omdat hy oral en altyd teenwoordig moes wees om te verseker dat die eenvoudigste en mees voor die handliggende opdrag wel uitgevoer word. Die superintendent moes met sy persoonlikheid gesag afdwing en duisende mense beheer wat nog nooit aan sulke dissiplinêre maatreëls onderworpe was nie. Verder moes hy aan die een kant baie regverdig

---

[24] Col. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.95.

[25] FK. 986: Colonial Office 291/44, vol.5, 1902, p.689; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 14, Burgher Camps Department, Pietersburg, Camp Staff, 31.10.1902.

en onpartydig wees, maar aan die ander kant moes hy ook menslik wees met die wêreldse geduld. Dan moes hy ook kennis hê van sanitasie en watervoorsiening; hy moes belangstel in die onderwys; hy moes die dokter, matrones, verpleegsters en skoolhoof onder hom laat werk, maar ook nou saam met hom. En laastens moes hy selfs kennis hê van tuinmaak, stene maak en houtwerk - dit was die ideale kampsuperintendent![26]

Daar is ongelukkig min inligting oor Tucker beskikbaar. Daar word slegs vermeld dat hy 'n baie bekwame en energieke persoon was.[27] Die Dameskomitee meld dat dié kamp een van die bes bestuurde kampe is wat hulle besoek het en dat die amptenare baie lojaal is teenoor mekaar en mekaar getrou ondersteun.[28] Hierdie opmerking getuig dat hy 'n bekwame superintendent was wat beslis aan baie van bogenoemde vereistes moes voldoen het. 'n Opmerking wat ook veelseggend is, is dié van mejuffrou Lettie Page en 126 dames wat 'n petisie aan Tucker voorgelê het om te vra dat "joiners" nie in Pinetown in die kamp toegelaat moet word nie en hulle sluit hul petisie af met dié woorde: "Convinced that you are always ready to please the people under your Superintendency, they trust that you will kindly take their petition in favourable consideration".[29] Ook die feit dat Tucker vir die hele duur van die kamp van Mei 1901[30] tot

---

[26] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.7, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th 1901.

[27] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.218, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

[28] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[29] A.C. Martin, The Concentration camps 1900-1902. Facts, figures and fables, p.106.

[30] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.70.

Februarie 1902[31] en weer met die heroprigting van die kamp, na die mense se terugkeer uit Natal, vanaf Julie 1902[32] tot Desember 1902[33] superintendent was, getuig van sy bekwaamheid aangesien daar wel ander kampe was waar 'n superintendentwisseling voorgekom het as gevolg van hul onbekwaamheid.[34]

Die organisasie en administrasie van die konsentrasiekampe het aanvanklik baie gebreke en leemtes gehad. Dit spruit veral uit die feit dat die Britse leërleiding en die burgerlike administrasie nog nooit voorheen so 'n vraagstuk hanteer het nie. Dit is baie opmerklik dat daar weinig voorskrifte aan die eerste superintendente gegee is.[35] Daar is dus in 'n baie groot mate staatgemaak op die persoonlikheid en bekwaamheid van 'n superintendent om sy kamp te organiseer en na eie goeddunke op te tree in die uitvoering van sy taak. Die feit dat die kampe so nou met die militêre owerheid saamgewerk het, het sekere nadele vir die kampe se organisasie en administrasie ingehou. Militêre sake het te alle tye voorrang geniet. Eers na Emily Hobhouse en die Dameskomitee se besoeke en hulle verslae oor leemtes en gebreke in die kampstelsel het die kampe meer aandag ontvang.

---

[31] DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 12, 28th February, 1902, Monthly Report.

[32] FK. 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, p.707.

[33] DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 7th January, 1903, Monthly Report.

[34] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.68; Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.7, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th, 1901.

[35] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.65; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.12-13, Circular Letter A, Burgher Camp Regulations.

### 3.4 DIE KAMPINWONERS

#### 3.4.1 Wie die inwoners was

Die mense wat in die Pietersburgse konsentrasiekamp beland het, was hoofsaaklik Boerefamilies wat aan 'n vrye en in baie gevalle aan 'n eenvoudige bestaan gewoond was.[36] Baie van die Noord-Transvaalse Boerefamilies was eers gedurende Maart en April 1901 in die Irenekonsentrasiekamp aangesien daar nog nie 'n kamp op Pietersburg bestaan het nie, en die amptenare daar het na hierdie persone as die agterlike, verarmde en siektedraende groep verwys. Hierdie mense het by die amptenare bekend gestaan as die Bosvelders.[37]

Die meeste van die mense het natuurlik teen hulle sin na die kamp gekom. Nadat Pietersburg deur die Engelse troepe beset is, is daar patrollies uitgestuur om die Boerefamilies op die plase te gaan haal en na die kamp te bring; selfs families wat in die dorp woonagtig was, is ook na die kamp gestuur.[38] Mevrou J.A. Mollett skryf in haar herinneringe dat in Mei 1901 die "khakies" hulle na Louis Trichardt gestuur het en vandaar na Pietersburg.[39] Sue Nicholson van Matiebaskraal skryf: "From this time on the women and children were being brought from their farms and sent to Irene Camp. This horror, thank God, I escaped. Mrs. S. Marais (who lived ten miles from my house) and myself were the only women in the

---

[36] Generaal C.F. Beijers, Korte geschiedenis..., p.3.


[37] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.99.

[38] Generaal C.F. Beijers, Korte geschiedenis..., p.3.

[39] M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheids Oorlog tussen Boer en Brit van 1899 tot 1901, p.24.

**KAART NR. 3**

# PIETERSBURG EN OMGEWING




Die afdruk is 'n klein gedeelte van die kaart Railway & Postal Map of the Transvaal Colony. Johannesburg, datum onbekend.

Ward Rhenosterpoort (which is 60 miles long and 36 miles broad), who were not removed to the camp..."[40]

Van die ander inwoners het self na die kamp toe gekom nadat dit baie onveilig op die plase geword het. Mevrou L. Alberts skryf: "In die begin van Mei 1901, was die plundering van kaffers baie erg. Ons was omsingel deur kaffers en Barbare sodat my man genootsaak was om na die Engelse te gaan om oor te gee; want die plundering van die kaffers was te gevaarlik... Ons was toe aan klaarmaak om te vertrek na Pietersburg konsentrasiekamp en die aand was die kaffers so erg dat tot laat in die nag byna al ons buurvrouens naar ons die toevlug geneem het, omdat hulle almal reeds geplunder was deur die kaffers."[41]

### 3.4.2 Waarvandaan die inwoners gekom het

Volgens 'n opname uit die sterftelys blyk dit dat die meerderheid van die mense wat in die konsentrasiekamp was uit die verre Noord-Transvaal afkomstig was. Die volgende plekname kom baie in die sterftelys voor:

| | |
|---|---|
| Leijdsdorp | Rhenosterpoort |
| Haenertsburg | Marabastad |
| Pietersburg | Lage Veld |
| Spelonken | Malitsiesland |
| Louis Trichardt | Magatosberg (by Louis Trichardt) |
| Houtbosch | Mapochsland |
| Mara | Buffelsberg |

---

[40] E. Hobhouse, War without glamour or women's war experiences written by themselves 1899-1902. Historical records collected and translated. p.51.

[41] M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.62.

Straaipoort[42]

Enkele persone was van plekke buite die verre Noord-Transvaal afkomstig. Daar was enkele persone afkomstig vanaf Pretoria, Krugersdorp, Johannesburg en een selfs vanaf Dordrecht in die Kaapkolonie.[43]

Volgens sterftelyste was slegs een persoon van Nylstroom en een persoon van Waterberg afkomstig.[44] Ons kan dus aanvaar dat die meerderheid mense suid van Pietersburg in die Nylstroomse konsentrasiekamp opgeneem is.

Onder die sterftegevalle was daar niemand wat van die gebied noord van die Soutpansberg afkomstig was nie. Slegs enkele persone het hulle teen 1899 noord van die Soutpansberg bevind.[45]

### 3.4.3 Die vervoer na die kamp in Pietersburg

Soos reeds genoem, het die Britse troepe Pietersburg op 8 April 1901 beset en daarna is patrollies uitgestuur om die families op die plase te gaan haal en na die konsentrasiekamp te bring. En dis dié gaan haal van die families wat van die treurigste en droewigste verhale meegebring het.

---

[42] Generaal C.F. Beijers, Korte geschiedenis... pp.5-15; S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp..., p.9.

[43] Generaal C.F. Beijers, Korte geschiedenis..., pp.5-15.

[44] Generaal C.F. Beijers, Korte geschiedenis..., pp.5-15; S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp..., p.10.

[45] S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp..., p.10.

Sommige families is met waens na die kamp vervoer en waar dit onbegaanbaar was vir 'n wa moes die mense maar te voet verder na Pietersburg.[46] Mevrou Mollett skryf dat terwyl hulle op pad was na die kamp, hulle baie gevange families teëgekom het wat deur "kaffers" te voet aangejaag was.[47] Mevrou M.J.M. du Preez skryf dat hulle twee families was wat op een wa gelaai is en verder op pad na Pietersburg was die waens so vol dat daar geen lêplek vir die siekes was nie.[48] Mevrou L. Alberts skryf weer in haar herinneringe: "Daar was 99 siele met twee waens. En omdat almal 'n bondeltjie goed had om saam te neem, sê 'n kombers of so iets, kon dus nie almal op die twee waens ry nie; alleen die siekes en die kruppeles. Sommige vrouens moes nege myl ver loop tot op Turfloop, waar die Engelse vir die eerste maal ons tot hulp gekom het".[49]

Baie van die mense het met die minimum by die kamp aangekom. Tucker skryf self: "The condition of people arriving in Camp is deplorable. They are usually without bedding, clothing or cooking utensils".[50] Mevrou Aletta de Jager skryf in haar herinneringe dat nadat hulle deur die swartes bedreig en hul huis geplunder is, hulle dorp toe gestap het en al wat hulle kon saamneem, was 'n paar komberse wat hul betyds kon wegsteek. Dié aand is hulle op 'n oop trok gelaai en na Irene gestuur; op pad het hulle natgereën, maar moes maar in dié klere slaap omdat daar

---

46 Generaal C.F. Beijers, Korte geschiedenis..., p.3.

47 M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.24.

48 M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.28.

49 M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.62.

50 Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.146; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report.

nie ander was nie. In die Irenekamp het sy geen bed gehad nie en sy en haar kinders het op 'n veldtent wat haar suster aan haar geleen het, geslaap. Sy skryf verder dat hulle die volgende dag rantsoenkaartjies ontvang het, maar dat sy nie 'n pot gehad het om in te kook of iets om uit te eet nie. Die kinders het toe melkblikkies opgetel en daaruit het hulle geëet. Verder was hulle klere vuil en al plan wat sy kon maak, was om stukkie vir stukkie uit te trek, dit te was en as dit droog was weer die volgende uit te trek en te was. Op die 5de Augustus is sy teruggestuur Pietersburg toe en daar is sy aan 'n bed en 'n paar stukkies huisraad gehelp.[51] Mevrou Hermiena Venter, tans van Pietersburg, vertel hoe hulle vir drie dae langs die pad gestaan en wag het op 'n muilwa wat die Engelse uitgestuur het om hulle te gaan haal. Daar het hulle 'n bok gekry, maar omdat hulle geen kombuisgereedskap by hulle gehad het nie, het hulle die bok naderhand met 'n byl doodgemaak en die stukke vleis in 'n emmer probeer gaarmaak.[52]

Wat die vervoer na die kamp veral vererger het, was die aandeel wat die swartes in dié saak gehad het. Dominee J.F. Naudé skryf dat in die Houtboschberge die Engelse die swartes van Mamaboel, Mamakopie, Sekwalie, Lichale en Malepo gebruik het om die families op die plase te gaan haal. Op die plaas van De Nyske het drie vrouens met hul kinders gewoon. Hulle is deur sewe swartes kom haal. Eers is hul gedwing om hul te ontklee en vir die swartes voedsel te berei. Hulle is met die dood gedreig en later is hulle voor die perde uitgejaag na die Engelse toe.[53]

---

[51] E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, pp.218-223.

[52] Persoonlike onderhoud met mev. Hermiena Venter op 13 April 1987 te Pietersburg.

[53] J.F. Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet*, pp.231-232; M.A. Gronum, *Die Bittereinders Junie 1901-Mei 1902*, p.43.

Ellie Naudé van Boshoek, Haenertsburg skryf hoedat die swartes haar man voor haar oë doodgeskiet het en haar met byle en assegaaie gedreig het. Daarna is sy en haar twee kindertjies deur die swartes voortgedryf en die nag van die 1ste Mei 1901 het sy in 'n kraal geslaap waar 'n swartvrou haar jammer gekry het en haar 'n kombers aangebied het om haar twee kindertjies in toe te draai. Eers op die 2de Mei het 'n Engelse offisier haar kom wegvat en tot op Krooneberg geneem waar sy vir drie dae in die veld gebly het voordat sy na Pietersburg geneem is.[54] Mevrou E.C. du Preez skryf ook hoe hul plaas deur 'n kommando swartes geplunder en hulle met die dood gedreig is, waarop sy, haar dogter en 'n buurvrou in die nag en in die reën na 'n stat gestap het vir hulp. Op pad het hulle twee ander buurvrouens teëgekom wat die allertreurigste verhaal van hoe hulle deur die swartes verkrag is, aan hulle vertel het. Die volgende namiddag het daar weer 'n kommando swartes op die plaas aangekom wat hul weer eens met die dood gedreig het. Daarna het hulle besluit om na Pietersburg te stap aangesien alles op die plaas geplunder was en hulle elke oomblik in doodsgevaar verkeer het.[55] Mevrou Hermiena Venter vertel ook hoe 'n kommando swartes hulle plaas by Houtboschberg geplunder het, 'n jong seun met hulle saamgesleep en die ma met die dood gedreig het as sy sou huil oor die kind. Gelukkig het 'n swarte laatmiddag die kind teruggebring en daardie nag het hulle almal op 'n buurplaas gaan skuiling soek.[56]

Die vrou van eerwaarde Stephanus Hofmeyr skryf ook van 'n vrou wat in die Zoutpansberg gewoon het. Die swartes het haar gevang en op 'n

---

54 E. Hobhouse, War without glamour..., pp.13, 14.

55 E. Neethling, Mag ons vergeet?, pp.223-226.

56 Persoonlike onderhoud met mev. Hermiena Venter op 13 April 1987 te Pietersburg.

donkie gesit om haar berg af te bring. Sy het van die donkie afgeval en langs die pad het sy geboorte geskenk aan 'n kindjie.[57]

Mevrou Hofmeyr, die skoondogter van eerwaarde S. Hofmeyr, skryf dat honderde gewapende swartes die Engelse vergesel het. Op Louis Trichardt het van die Indoenas hulle meegedeel dat die swartes van Magato byeengeroep en beveel is om alle Boere - mans, vrouens en kinders - te vang en na die Engelse te bring. Een nag het honderde swartes om die sendingstasie vergader. Vir nege dae is hulle bedreig en toe beveel om in te span sodat hulle na Pietersburg geneem kon word. Maar in plaas van suid, het die swartes hulle ooswaarts laat trek. En so het hulle vir meer as elf dae al dieper die Laeveld ingetrek en onder hierdie omstandighede het 'n mevrou Kriel geboorte geskenk aan 'n seun.[58] "Travelling in the wagons was often well nigh unendurable; for these were filled with Kaffirs and the smell was enough to make one sick and some were the subjects of loathsome and enfectious diseases. That day we travelled till late at night and poor mrs. Kriel was sometimes in such pain that she implored the kaffirs to outspan, but in vain. When at last we did outspan our rest was short as we had to start again early next morning. It was now towards the end of May. We were very short of meat, but were not allowed to slaughter any of our oxen... On going further we outspanned near the mission station of Dr. Liegme... The Kaffirs gave us leave to go get dr. Liegme to visit our sick. Mrs. Kriel was extremely ill and had a severe attack of convulsions. Dr. Liegme thought it best to take her to his hospital and had inspanned his wagon, but just as he was starting the Kaffirs stormed down upon him and we

---

57 E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, p.226.

58 E. Hobhouse, *War without glamour...*, pp.104-106; E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, pp.210-215.

feared the worst. But as they stand in awe of a doctor they did not touch him, but stopped the wagon and were so enraged that we had to inspan and go on at once...".[59]

### 3.5 SAMEVATTING

Na die besetting van Pietersburg op 8 April 1901 het dieselfde ontberinge, lyding en smart vir die vrouens en kinders van die verre Noord-Transvaal begin as waaraan hul volksgenote alreeds onderworpe was.

Dit is opvallend dat die vrouens uit die verre Noord-Transvaal wel in hul herinneringe oor die ontberinge van die kamplewe skryf, maar dat hulle smartlike ervarings en vreeslike lyding op pad na die Pietersburgse konsentrasiekamp in hul geheue ingebrand is en dat die kamp selfs 'n uitkoms was. Mevrou Aletta de Jager het dan ook geskryf: "Ons het vir ons ter ruste begeef, dankbaar in elk geval dat ons uit die hande van die kaffers was".[60] En Henrietta E.C. Armstrong kon nie anders as om in haar dagboek uit te roep nie: "Fifty families were brought in from Pietersburg. They were on the journey for six days. My God, how tired and miserable they all looked".[61]

---

[59] E. Hobhouse, *War without glamour...*, p.106; E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, pp.226, 227, 210-215.

[60] E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, p.222.

[61] Thariza van Rensburg (red), *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong. Experiences of a Boer nurse in the Irene Concentration Camp, 6 April-11 October 1901*, pp.66-67.